Die volgehoue sterk binnelandse vraag na kapitaal- en verbruikersgoedere, tesame met 'n toename in invoerpryse, het tot gevolg gehad dat die invoer in die eerste kwartaal van 1981 op die hoë vlak gebly het waarna dit in die voorafgaande kwartaal gestyg het. Die oorloop van die vraag na invoer was gedeeltelik toe te skryf aan 'n bykans volledige besetting van die binnelandse produksiekapasiteit. Nog belangriker egter is dat dit 'n weerspieëling is van die hoë invoerinhoud van die binnelandse besteding aan kapitaalgoedere, voorrade en duursame verbruikersgoedere. Netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld het ook in die eerste kwartaal bykans onveranderd gebly. Aan die ander kant het die uitvoer gedaal as gevolg van die afname in die ekonomiese bedrywigheid in handelsvennootlande en die hoë vlak van die binnelandse vraag na plaaslik-geproduseerde goedere. Terselfdertyd het 'n daling in die goudprys 'n aansienlike afname in die waarde van die netto goudproduksie veroorsaak. Hierdie ontwikkelings het aanleiding gegee tot 'n klein tekort van R107 miljoen, of R1 010 miljoen teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, op die lopende rekening van die betalingsbalans in die eerste kwartaal.

Die verskyning van 'n tekort op die lopende rekening nadat die ekonomie vir ongeveer drie jaar in 'n uitbreidende fase was, was nie onverwags nie. Gedurende vorige tydperke van ekonomiese oplewing is tekorte van heelwat groter omvang baie vroeër op die lopende rekening aangeteken. Die sterkte van die lopende rekening tot in 'n gevorderde stadium van die onlangse oplewing was die gevolg van die feit dat 'n besondere skerp styging in die invoer meer as geneutraliseer is deur die uitwerking van 'n verviervoudiging van die goudprys van 1977 tot 1980 op die waarde van die netto goudproduksie en deur 'n sterk styging in die goedere-uitvoer wat tot goed in 1980 voortgeduur het.


Die vernaamste poste op die lopende rekening van die betalingsbalans, ná aansuiwering vir seisoensin-

Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde syfers teen 'n jaarkoers
R miljoene

	1980				1981
	1ste kw	2de kw	3de kw	4de kw	1ste kw
Goedere-uitvoer	10 470	9 770	9 040	9 550	9 120
Netto goudproduksie	11 460	7 760	11 520	9 830	8 720
Goedere-invoer	11 890	14 290	14 970	16 000	15 920
Netto dienste- en oordrag- betalings	2 570	2 370	2 970	2 940	2 930
Saldo op lopende rekening	7 470	870	2 620	440	1 010

Lopende rekening van die betalingsbalans



vloede, word in die bygaande tabel getoon. Die daling in die goedere-uitvoer in die eerste kwartaal was opmerklik in die meeste groepe uitvoergoedere, maar in die besonder in die uitvoer van diamante, voorbereide voedsel en onedelmetale. Volumegewys was die afname in die uitvoer skerp. Hoofsaaklik as gevolg van 'n redelike groot depresiasie van die rand teenoor die VSA-dollar en 'n toename in die pryse van sekere goedere, het uitvoerpryse in rand uitgedruk in werklikheid gedurende die eerste kwartaal 'n klein toename getoon.

Die waarde van die netto goudproduksie het gedurende die eerste kwartaal, as gevolg van 'n verdere daling in die goudprys, met 11 persent afgeneem. 'n Klein toename is in die volume van die

netto goudproduksie aangeteken. Op die Londense mark het die gemiddelde vasstellingsprys van goud van VSA \$627,08 per fyn ons gedurende die vierde kwartaal van 1980 tot VSA \$519,30 per fyn ons gedurende die eerste kwartaal van 1981 gedaal. Hierdie dalende neiging het gedurende April en Mei voortgeduur en die gemiddelde Londense markprys van VSA \$480,09 per fyn ons in Mei was aansienlik laer as die maand-hoogtepunt van VSA \$675,99 in September verlede jaar. Die afname in die goudprys was nou verwant aan die sterkte van die VSA-dollar op die buitelandse valutamarkte wat, op sy beurt, verwagtinge weerspieël het dat die nuwe VSA-Administrasie se ekonomiese beleid verbeterde ekonomiese toestande en 'n afname in die inflasiekoers sal teweegbring. Ander faktore wat tot die laer goudprys bygedra het, was die betreklik stabiele oliepryse en 'n effense verslapping in die internasionale politieke spanninge.

Ten spyte van 'n verdere styging in invoerpryse het die waarde van die invoer in die eerste kwartaal van 1981 op ongeveer dieselfde vlak as in die voorafgaande kwartaal gebly as gevolg van 'n opmerkbare afname in die volume van die goedere ingevoer. Laer invoervolumes was veral opmerklik in die geval van mineraalprodukte (insluitende petroleumprodukte) en vervoertoerusting, maar was ook merkbaar in ander invoerklasse. Die laer invoervolume kan in 'n mate toegeskryf word aan probleme wat ondervind is met die uitklaring van behoueringsinvoere in sommige oorvol doeane-pakhuisse, en aan 'n dokwerkersgeskil in Southampton wat suidwaartse behoueringsverkeer vanaf Brittanje vertraag het.


Netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld het van die vierde kwartaal van 1980 tot die eerste kwartaal van 1981 min of meer onveranderd gebly. Hoër rente- en dividendbetalings aan buitelanders en verhoogde vrag- en versekerings-tariewe op die invoer, is goedgemaak deur 'n verhoging in die tariewe van vervoerdienste aan buitelanders gelewer en in die ontvangste van buitelandse beleggingsinkomste.

Totale netto invloeiing van kapitaal

Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in die eerste kwartaal het gepaard gegaan met 'n netto uitvloeiing van kapitaal wat R260 miljoen beloop het, uitgesonderd veranderinge in die sogenaamde laste verwant aan buitelandse reserwes. Hierdie uitvloeiing kan toegeskryf word aan die terugbetaling van buitelandse korttermynlaste deur openbare korporasies en 'n netto uitwaartse beweging van korttermynkapitaal vanaf die private sektor. 'n Gedeeltelike neutraliserende netto invloeiing van langtermynkapitaal is aangeteken, wat bestaan het uit buitelandse langtermynlenings van openbare korporasies en 'n klein netto inwaartse beweging van langtermynkapitaal na die private sektor.

Gedurende die eerste kwartaal is die effektiewe koste van handelsfinansiering in terme van dollars en in terme van rand min of meer gelyk gehou deur

Netto kapitaalbewegings



Kapitaalrekening van die betalingsbalans

R miljoene

	1980				1981
	1ste kw	2de kw	3de kw	4de kw	1ste kw
Langtermynkapitaal					
Sentrale regering en banksektor	-72	-31	-65	-145	-20
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	-185	30	148	186	107
Private sektor	-309	-177	49	-37	31
Totaal	-566	-178	132	4	118
Korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie (insluitende onaangetekende transaksies)	-1 245	-365	312	-408	-378
Verandering in netto goud- en ander buitelandse reserwes weens betalingsbalanstransaksies	230	-366	1 161	-494	-367
Laste verwant aan reserwes	90	-29	-38	-22	-727
STR-toekennings en waardasie-aansuiwerings	525	1 094	-142	-498	-226
Verandering in bruto goud- en ander buitelandse reserwes	845	699	981	-1 014	134


middel van gepaste veranderings in die diskonto's op die VSA-dollar in die Reserwebank se termynvaluta-transaksies. Dit is gedoen om die dreinering van likwiditeit uit die binnelandse geldmark tydens 'n tydperk van seisoenale stramheid te voorkom. Vanaf April is die diskonto's egter op so 'n wyse vasgestel dat binnelandse handelsfinansiering marginaal meer aantreklik as buitelandse finansiering was met die oog daarop om korttermynkapitaalbewegings wat kon bydra tot 'n toename in banklikwiditeit en die geldvoorraad te ontmoedig.

Ten einde die invloed van die tekort op die lopende rekening en die netto uitvloeiing van kapitaal op die goud- en ander buitelandse reserwes te demp, het die Reserwebank in Maart tydelik buitelandse geleen. Die laste verwant aan reserwes is gedurende die eerste kwartaal verder verhoog deur buitelandse korttermynlenings van sommige bankinstellings wat probleme ondervind het om aan die verpligte likwiede batevereistes te voldoen. In totaal het die laste verwant aan reserwes gedurende die eerste kwartaal met R727 miljoen toegeneem wat 'n totale netto invloeiing van kapitaal van R467 miljoen tot gevolg gehad het.

Depresiasie van die rand

As gevolg van die verandering in die betalingsbalans en die sterkte van die VSA-dollar is die appresiasie van die kommersiële rand tot aan die einde van 1980 in die eerste kwartaal van 1981 omgekeer. Alhoewel die rand voortgegaan het om teenoor die meeste Wes-Europese geldeenhede te appresieer, het dit gedurende die eerste kwartaal skerp gededesieer met 6,6 persent teenoor die VSA-dollar en met 'n verdere 5,8 persent gedurende April en Mei. Gedurende hierdie tydperk van vyf maande het die rand ook teenoor die Japanse jen effens gededesieer. Die effektiewe wisselkoers van die rand, wat in 1980 met 10,9 persent toegeneem het, het gedurende die eerste kwartaal met 2,8 persent en gedurende April en Mei met 1,1 persent afgeneem. Die finansiële rand het

Wisselkoerse



gedurende die eerste vyf maande van 1981 met 5,9 persent teenoor die VSA-dollar gededesieer en die finansiële randdiskonto het van 30,2 persent aan die einde van 1980 tot 25,5 persent aan die einde van Mei vernou.

Goud- en ander buitelandse reserwes

Betalingsbalanstransaksies was gedurende die eerste kwartaal verantwoordelik vir 'n afname van R367 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes. Hierdie afname is egter meer as geneutraliseer deur die aansienlike toename in laste verwant aan reserwes wat veroorsaak het dat die bruto goud- en ander buitelandse reserwes met R134 miljoen toeneem het, ten spyte van die negatiewe waardasie-aansuiwering aan die goud- sowel as die buitelandse valutareserwes. Gedurende April het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R562 miljoen afgeneem gedeeltelik as gevolg van die herwaardering van die goudreserwes teen 'n laer prys.

Geld- en bankwese

Oormatige toename in geldvoorraad

Die totale monetêre vraag, wat alreeds in die tweede helfte van 1980 begin het om inflasionistiese druk uit te oefen, het in die eerste kwartaal van 1981 verder toegeneem en het weer met 'n oormatige toename in die geldvoorraad gepaard gegaan. Deur die volgehoue toename in die totale vraag te akkommodeer het die sterk monetêre uitbreiding sedert die middel van 1980 'n belangrike bydrae tot die volgehoue hoë inflasiekoers gemaak en deur sy vertraagde uitwerking op besteding en pryse, sal dit waarskynlik nog vir 'n geruime tyd voortgaan om sodanige invloed uit te oefen. Die beteueling van die oormatige hoë koers van toename in die geldvoorraad het gevolglik 'n belangrike tussentydse oogmerk van monetêre beleid geword in die proses om uiteindelik 'n vermindering van die inflasiekoers te bewerkstellig.

Ná 'n toename van 27 persent gedurende 1980 het die breed gedefinieerde geldvoorraad (M2) in die eerste kwartaal van 1981 teen die buitengewoon hoë seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 46 persent gestyg. Die groei in die eng gedefinieerde geldvoorraad (M1) het egter van 36 persent in 1980 tot 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 32 persent gedurende die eerste kwartaal afgeneem. Indien die banke se terugkoop-ooreenkomste met die private sektor met looptye in die kort- en middeltermyn, wat gedurende die eerste kwartaal opmerklik afgeneem het, egter in aanmerking geneem word, het die toenames in M2 en M1 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse onderskeidelik 37 persent en 24 persent beloop.

Redes vir toename in die geldvoorraad


'n Ex post-ontleding van die statistiese "oorsaak" van die toename in M2 gedurende die eerste kwartaal word in die bygaande tabel aangebied. Die enigste "oorsaak" van die styging in M2 gedurende hierdie tydperk was 'n ongeëwenaarde groot toename van 65

Oorsake van verandering in M2


R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1980		1981	1980		1981
	3e kw	4e kw	1e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	1 161	-494	-367	1 105	-115	-918
Eise teen regeringsektor:						
Bruto eise	354	372	-204			
Regeringsdeposito's (toename -, afname +)	-1 159	67	-617			
Netto eise	-805	439	-821	657	264	-439
Eise teen die private sektor	1 118	1 139	2 087	1 009	1 269	2 153
Langtermyndeposito's (toename -, afname +)	-264	91	-143	-347	-28	-68
Netto ander bates	167	-37	102			
Totale oorsake van verandering	1 377	1 138	858	1 242	860	1 585

Veranderinge in breed gedefinieerde geldvoorraad (M2)



Oorsake van veranderinge in M2



persent, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, in bankkrediet wat aan die private sektor verleen is. Net soos gedurende die laaste vier maande van 1980, wat op die afskaffing van kredietplafonne gevolg het, het 'n deel van die uitbreiding in bankkrediet gedurende die eerste kwartaal die sogenaamde "her-intermediasie" van krediet wat voorheen buite die bankstelsel verleen is, verteenwoordig. In 'n belangrike mate het hierdie uitbreiding regstreeks in verband gestaan met die sterk sikliese vraag na verbruikerskrediet en die groter gebruik van bankkrediet vir die finansiering van investeringsuitgawes deur maatskappye wat voorheen in staat was om krediet buite die bankstelsel te verkry of genoegsame interne fondse tot hul beskikking gehad het. Die banke is in staat gestel om krediet op groot skaal te verleen deur 'n styging in hul likwiditeitsbasis en deur die verlaging van daardie deel van hul besit aan likwiede bates wat meer was as die wetlik voorgeskrewe minimum.

Die ekspansionistiese uitwerking van die bankkrediet aan die private sektor op M2 gedurende die eerste kwartaal is slegs gedeeltelik deur die ander drie hoofoorsake van verandering in hierdie monetêre grootheid geneutraliseer. Die seisoensaangesuiwerde netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor het gedurende hierdie tydperk aanmerklik gedaal. Insgelyks is 'n afname in die seisoensaangesuiwerde netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor aangeteken, hoofsaaklik vanweë 'n toename in regeringsdeposito's, nadat 'n aansienlike bedrag aan belastinggelde aan die einde van Februarie ontvang is. Hierbenewens het 'n verdere, maar betreklik klein, toename in langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings voorgekom. Dit is gebruikelik vir langtermyndeposito's om slegs effens te styg of te daal gedurende tydperke soos die eerste kwartaal van 1981, wanneer verdere toenames in langtermynrentekoerse algemeen verwag word.

Ontleding van bankkrediet aan die private sektor

Die skerp toename in die krediet wat gedurende die eerste kwartaal deur die monetêre banksektor aan die private sektor verleen is, is waargeneem in al die hoofkomponente van krediet. Beleggings in sekuriteite van die private sektor het met R279 miljoen gestyg, maar die grootste bydrae is deur 'n toename van R1 727 miljoen in die diskonterings, lenings en voorskotte van handels-, aksep- en monetêre algemene banke gemaak. Wissels verdiskonteer het met 'n betreklik klein bedrag van R57 miljoen gestyg hoofsaaklik vanweë 'n vermindering in die handelsbanke se besit aan hul eie aksepte wat nie as likwiede bates geld nie. Huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering het sterk met R460 miljoen toegeneem wat 'n weerspieëling van 'n volgehoue hoë peil van vraag na kapitaalgoedere en sekere soorte verbruikersgoedere was. Ander lenings en voorskotte, wat gedurende 1980 met R781 miljoen gestyg het, het gedurende die eerste kwartaal met soveel as R1 210 miljoen toege-

neem as gevolg van 'n algemeen sterk vraag na krediet en 'n omskakeling van nie-bank finansiering na bankkrediet as 'n bron van fondse.

Beduidende afname in oorskot-banklikwiditeit

Die banke se grootskaalse kredietverlening aan die private sektor het tot 'n aansienlike toename in die bedrag aan likwiede bates wat banke moet hou, gelei. Op hierdie wyse is hul besit aan likwiede bates bó die vereiste minimum aansienlik verminder. Aan die einde van 1980 het die verhouding van oorskot-likwiede bates tot die banke se verpligtinge teenoor die publiek 2,5 persent bedra, maar dit het tot slegs 1,4 persent aan die einde van Februarie 1981 gedaal voordat dit tot 2,2 persent aan die einde van Maart gestyg het. Dit is interessant om daarop te let dat die banke se besit aan likwiede bankaksepte gedurende die laaste vier maande van 1980 en die eerste kwartaal van 1981 aansienlik toegeneem het. Vir die doeleindes van voldoening aan die likwiede batevereistes mag slegs 20 persent van die vereiste bedrag aan likwiede bates (uitsluitende die vereiste kontantreserwes) uit hierdie aksepte bestaan. Aan die einde van Maart was die besit aan likwiede bankaksepte net onder die beperking van 20 persent wat deur die Bankwet voorgeskryf word.

Toestand op die geldmark en rentekoerse


Alhoewel die eerste kwartaal van elke jaar kenmerkend 'n tydperk van seisoenale stramheid in die geldmark is, is daar verhoed dat die toestand in die mark gedurende dié tydperk onnodig vernou deur 'n aantal stappe wat deur die Reserwebank gedoen is om seisoenale veranderinge uit te stryk. Ten eerste is daar vanaf ongeveer die middel van 1980 skatkiswissels-op-aanvraag en Reserwebankobligasies, wat aan die einde van Februarie 1981 verval het, deur die Bank verkoop met die oog daarop om die uitwerking van die groot vloeï van belastingbetalings na die regering aan die einde van Februarie teen te werk. Ten tweede het die Bank vanaf die einde van Januarie tot aan die einde van Maart as 'n netto koper van sekuriteite in die mark opgetree. Ten derde is die bedrag van Skatkiswissels wat by die weeklikse tender aangebied word vanaf 23 Januarie verminder ten einde 'n netto terugbetaling van wissels te bewerkstellig. Ten vierde het die Bank sekuriteite van bankinstellings, uitgesonderd die diskontohuise, gekoop ingevolge terugkoop-ooreenkomste wat aan die einde van Februarie verval het. Op 26 Februarie het die Bank verdere terugkoop-ooreenkomste aangegaan wat op 19 Maart verval het maar wat tot 7 April verleng kon word na die keuse van die betrokke bankinstellings. Laastens het die Bank sekere toegewings in sy akkommodasie aan die diskontohuise oor die maandeindes van Februarie en Maart gemaak. Gedurende April en die grootste deel van Mei het die geldmarktoestand ruim gebly weens die uitwerking van die seisoenale toename in besteding deur die sentrale owerheid aan die begin van die nuwe fiskale jaar.

As 'n weerspieëling van die afwesigheid van 'n oormatige stramheid in die geldmark het die Reserwebank se akkommodasie aan die diskontohuise aan die einde van Februarie, wanneer die seisoenale stramheid gewoonlik sy hoogtepunt bereik, slegs R192 miljoen bedra. Hierdie akkommodasie het gedurende Maart afgeneem en is op 9 April ten volle terugbetaal. Geen verdere akkommodasie is voor die maandeinde van Mei verleen nie. Afgesien van matige afnames oor die maandeindes van Januarie en Februarie het daggeldlenings aan diskontohuise geen oormatige groot skommelings gedurende die eerste vyf maande van 1981 getoon nie. Gedurende hierdie tydperk van vyf maande het die banke se vrye saldo's by die Nasionale Finansiële korporasie oor die algemeen op lae vlakke gebly, maar is voor die belastingbetalingspiek aan die einde van Februarie en voor die nuwe uitgifte van staatseffekte op 15 Mei, aansienlik verhoog.

Geldmarkrentekoerse het tot die middel van Februarie skerp toegeneem, redelik stabiel gebly tot vroeg Mei en daarna 'n opwaartse neiging hervat. Op 29 Mei het die koers op bankaksepte van drie maande, byvoorbeeld, 12,00 persent bedra vergeleke met 7,00 persent op 24 Desember 1980. Op hierdie datums het die Skatkiswisseltenderkoers 8,88 persent en 6,04 persent onderskeidelik bedra.

Ter erkenning van die styging in korttermynrentekoerse is die Bankkoers met ingang 3 Februarie van 7 tot 8 persent en met ingang 6 Mei tot 9,5 persent verhoog. Hierdie snelle opeenvolging van betreklik groot toenames dui op groter buigsaamheid in die aanpassing van die Bankkoers om veranderinge in die marktoestand duideliker weer te gee en om die bereiking van monetêre beleidsdoelwitte te onder-

Geldmarkrentekoerse




steun. In reaksie op hierdie veranderinge in die Bankkoers, en in die algemeen op die sterk vraag na bankkrediet, is die prima oortrekkingskoers van die handelsbanke van 10,0 persent tot 11,0 persent in Februarie, tot 11,5 persent in Maart en tot 13,0 persent in Mei verhoog. Ten spyte van hierdie verhogings was die prima oortrekkingskoers steeds heelwat laer as die heersende inflasiekoers en aansienlik laer as dié in ander lande met ongeveer dieselfde of laer inflasiekoerse. As gevolg van 'n toename in die uitleenkoerse van bankinstellings en bouverenigings en meer aktiewe mededinging om fondse, is depositorente koerse gedurende die tydperk van Januarie tot die middel van Mei by verskeie geleenthede en met wisselende persentasies verhoog.

Staatsfinansies

Aansienlike afname in monetêre banksektor se netto eise teen die Skatkis

Die afname in die krediet wat die monetêre banksektor gedurende die eerste kwartaal aan die owerheidsektor in sy geheel verleen het, is grootliks verantwoord deur 'n aansienlike afname in die banksektor se netto eise teen die sentrale regering, soos weerspieël in transaksies op die Skatkisrekening. Die Skatkisrekening is egter baie nou ineengeskakel met die Betaalmeestergeneraal- en Stabilisasierekening en

Skatkisrekeningtekort en -finansiering



die transaksies op die Skatkisrekening is derhalwe aangesuiwer om dié op die ander twee rekeninge in berekening te bring.

As gevolg van 'n belangrike hoogtepunt in die belastingbetalings aan die sentrale regering aan die einde van Februarie, het die ontvangste op die Skatkisrekening gedurende die eerste kwartaal opmerklik toegeneem. Hierdie ontvangste was in werklikheid 31 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van 1980. Daarenteen het die skatkisuitreikings, wat gedurende die vorige drie kwartale teen hoër koerse toegeneem het, in die eerste kwartaal slegs matig gestyg. Die Skatkisrekening het gevolglik 'n inkomste-oorskot van R716 miljoen getoon. Lenings by die Staatskuldkommissarisie het 'n verdere R522 miljoen tot die ontvangste op die Skatkisrekening bygedra sodat 'n aansienlike bedrag aan fondse beskikbaar was om of lenings terug te betaal of kontantsaldo's te laat toeneem. Staatskuldbewyse in die besit van die private nie-banksektor en die monetêre banksektor is met onderskeidelik R221 miljoen en R728 miljoen verminder, terwyl kontantsaldo's met R311 miljoen verhoog is. Die afname in die monetêre banksektor se besit aan staatskuldbewyse en die toename in die kontantsaldo's by hierdie sektor het gesamentlik 'n daling van R1 039 miljoen in die banke se netto eise teen die Skatkis gedurende die eerste kwartaal tot gevolg gehad.

Gedurende April, die eerste maand van die nuwe fiskale jaar, het die regering uitgawes sy groot seisoenale toename getoon. Ten einde hierdie uitgawes te finansier moes die regering sy saldo op die Stabilisatie-rekening met R640 miljoen verminder.

Baie suksesvolle nuwe uitgiftes van staatseffekte

Twee nuwe effekte-uitgiftes is op 15 Mei gemaak met die oog op die aflossing van effekte van R837 miljoen op 15 Mei en R121 miljoen op 1 Junie. Afgesien daarvan om die aflossings te finansier was hierdie uitgiftes gerig op die voorsiening van die Tesourie se finansiële behoeftes in die fiskale jaar 1981/82 en op die vermindering van die oorskotlikwiditeit in die ekonomie. Die nuwe lenings het bestaan uit die uitgifte van 'n driejaar-effek met 'n effektiewe opbrengskoers van 10,142 persent en 'n 22-jaar-effek met 'n effektiewe opbrengskoers van 13,066 persent. Die korttermynlening het aansoek ten bedrae van R335 miljoen getrek, met inbegrip van inskrywings van R80 miljoen en R203 miljoen van die Staatskuldkommissarisie en die monetêre banksektor onderskeidelik. Aansoek vir die langtermyn-effekte het R1 143 miljoen bedra, waarvan R180 miljoen en R185 miljoen onderskeidelik van die Staatskuldkommissarisie en die monetêre banksektor afkomstig was.

Uit die oogpunt van die doelstellings van monetêre beleid, was hierdie uitgiftes hoogs suksesvol, in besonder vanweë die groot inskrywing deur die private nie-banksektor. Inskrywings op die nuwe uitgiftes deur hierdie sektor sal 'n vernouende invloed op sowel die geldvoorraad as die banke se likwidi-

teitsbasis hê, in dié mate waarin hierdie fondse hul weg tot verhoogde regeringsdeposito's by die banksektor vind.

Staatsfinansies gedurende die fiskale jaar 1980/81*

Die fiskale jaar 1980/81 is gekenmerk deur 'n buitengewoon groot toename van 36 persent in die inkomste van die sentrale regering, 'n koers van toename wat aansienlik hoër as die begrotingsraming van 11 persent was. Die totale inkomste-invorderings het in werklikheid die begrotingsraming met nie minder nie as R2,4 miljard oorskry. Hierdie bô verwagting hoë invorderings van inkomste het voortgespruit uit 'n skerp styging in die goudprys en, gevolglik, in goudmynwinste, en uit die uitwerking van die lewendige ekonomiese toestande op direkte sowel as indirekte belastingontvangstes. Inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur die goudmynmaatskappye het meer as verdubbel van R1,5 miljard in 1979/80 tot R3,6 miljard in 1980/81. Die ander inkomstebelastingbetalings aan die regering, wat aansienlike hoër maatskappywinste en salarisse en lone weerspieël het, het met 16 persent toegeneem. Insgelyks het die indirekte belastinge in die vorm van doeane- en aksynsreg en die algemene verkoopbelasting met soveel as 24 persent gestyg as gevolg van die aansienlike hoër vlakke van die invoer en private verbruiksbesteding.

Staatsinkomstefonds — hoofkomponente van inkomste
R miljoene

	Fiskale jaar geëindig Maart		
	1980	1981	
	Werk- lik	Begro- ting	Werk- lik
Inkomstebelasting			
Goudmyne	1 167	1 850	2 795
Ander	4 067	4 141	4 729
Totaal	5 234	5 991	7 523
Goudmynhuurkontrakte	334	635	838
Indirekte belastinge			
Doeane- en aksynsreg	1 293	1 070	1 482
Algemene verkoopbelasting	1 249	1 550	1 659
Totaal	2 542	2 620	3 141

Die regering het gedurende 1980/81 voortgegaan om sy beleid van fiskale dissipline na te streef deur die groeikoers in die owerheidsbesteding te beperk tot 'n syfer wat slegs effens hoër as die heersende inflasiekoers was. Die uitgawes deur die sentrale regering, soos verteenwoordig deur die aangesuiwerde uit-


*Soos gebruiklik, is die syfers vir die fiskale jaar hoofsaaklik saamgestel uit gegewens wat in die **Staatskoerant** gepubliseer is. In die ontleding is die Skatkisrekening met die Betaalmeester-generaalrekening en die Stabilisatie-rekening gekonsolideer. Die syfers sal derhalwe nie volkome ooreenstem met dié wat vir die doeleindes van dié Begroting gebruik word nie.

reikings uit die Skatkisrekening, het in 1980/81 met 18 persent toegeneem, vergeleke met die oorspronklike begrotingsraming van 14 persent. Hierdie verskil is verantwoord deur die uitgawes wat in die Addisionele Begroting goedgekeur is.

As gevolg van die hoë vlak van die owerheidsontvangste het die tekort op die Skatkisrekening, uitsluitende lenings en soos aangesuiwer, slegs R552 miljoen bedra. Hierdie tekort was nie alleen R1 384 miljoen minder as in 1979/80 nie, maar was ook

die kleinste tekort wat gedurende die afgelope sewe jaar aangeteken is. Netto lenings by die Staatskuld-kommissarisse en die private nie-banksektor het in 1980/81 R1 048 miljoen en R597 miljoen onderskeidelik bedra, en dit het die regering in staat gestel om sy buitelandse skuld en sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met onderskeidelik R96 miljoen en R997 miljoen te verminder. Die afname in die netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor het hoofsaaklik bestaan uit 'n toename van R961 miljoen in die kontantsaldo's by hierdie sektor. Die saldo op die Stabilisasierekening het met R1 242 miljoen gestyg, maar die ander kontantsaldo's het met R281 miljoen afgeneem. Die styging in die saldo op die Stabilisasierekening het 'n aansienlike bydrae tot die beteueling van die groei in die geldvoorraad gelewer.

Staatsinkomstefonds — relatiewe belangrikheid van die hoofkomponente van inkomste tot totale invorderings



Kapitaalmark

Verandering in beleggers se verwagtings in die mark vir vaste-rentedraende effekte

Sedert die begin van die huidige fase van stygende langtermynrentekoerse vroeg in 1980, is beleggings in langtermyn- vaste-rentedraende effekte gestrem deur die verwagtings van beleggers aangaande verdere rentekoersstygings. Hierdie verwagtings is verder versterk deur die skerp styging in die inflasiekoers teen die einde van 1980 en die aankondiging deur die monetêre owerhede ten tye van die verhoging van die Bankkoers in Februarie 1981 dat hulle die oormatige groei in die geldvoorraad wil bekamp. Vroeg in Mei het hierdie verwagtings egter verswak en het beleggers begin aanvaar dat langtermynrentekoerse voorlopig nie beduidend bo die heersende vlakke op die mark sal styg nie. Die hoofredes vir hierdie verandering in stemming was die aansienlike stygings in langtermynrentekoerse wat alreeds plaasgevind het, veral gedurende die vierde kwartaal van 1980 en die eerste twee maande van 1981; die betreklike stabiliteit van rentekoerse oor die algemeen in Maart en April; die besef dat langtermynrentekoerse nie in dieselfde mate as korttermynkoerse hoef te verander nie maar normaalweg deur 'n ander stel omstandighede bepaal word; die feit dat beleggers se waardebeoordeling van die opbrengs op nuwe langtermynbeleggings die verwagte gemiddelde inflasiekoers oor die hele beleggingstyd-

perk in aanmerking moet neem in plaas van slegs die heersende inflasiekoers; en die uitwerking op die beleggingsinkomste van 'n oormatige besit aan lae-opbrengs likwiede bates deur langtermynbeleggers in afwagting op stygings in die langtermynrentekoerse. Hierdie verwagtings is verder uit die weg geruim deur die vasstelling van die effektiewe opbrengskoers op die nuwe uitgifte van langtermynstaatseffekte op 15 Mei op 'n vlak effens hoër as die heersende markkoers op daardie stadium, naamlik op 13,066 persent.


Die opbrengskoerse op langtermyn- vaste-rentedraende effekte in die sekondêre mark het gedurende die eerste twee maande van 1981 en vroeg in Maart voortgegaan om skerp te styg, maar het daarna tot en met die nuwe uitgifte van staatseffekte in die middel van Mei betreklik stabiel gebly. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 11,81 persent in Desember verlede jaar tot 12,75 persent in Maart gestyg voordat dit in April tot 12,69 persent afgeplat het. In die geval van langtermynsemi-prima-effekte van die hoogste graad het die maandelikse gemiddelde opbrengskoers van 12,20 persent in Desember 1980 tot 13,05 persent in Februarie 1981 gestyg en daarna tot 12,98 persent in April gedaal. Die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op maatskappyskuld-briewe, wat in Desember 1980 13,03 persent beloof het, het tot 'n hoogtepunt van 14,27 persent in Februarie gestyg voordat dit tot 13,77 persent in April gedaal het.

Aandeleprysdaling omgekeer


Ná 'n daling sedert die hoogtepunt van September 1980, het aandelepryse in Maart en April weer opwaarts beweeg. Die allesomvattende aandeleprysindeks het in Maart met 3 persent en in April met 'n verdere 4 persent gestyg. Aandelepryse was nogtans in April 9 persent laer as in Desember verlede jaar en 20 persent onder die hoogtepunt in September 1980. Die verbetering in aandelepryse gedurende Maart en April het voorgekom op 'n tydstop toe rentekoerse in sowel die geld- as die kapitaalmark geneig het om te daal of konstant te bly en was ook 'n weerspieëling van 'n aantal uitstekende finansiële verslae van maatskappye en 'n selektiewe belangstelling in aandele deur groot groepe instellings wat beleggingsgeleenthede vir aansienlike bedrae aan nuwe fondse moes vind.

Die uitwerking van die dalende aandelepryse is weerspieël in 'n styging in die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 5,86 persent in Desember 1980 tot 6,97 persent in Februarie 1981. Daarna het die opbrengskoers tot 6,78 persent in Maart en 6,55 persent in April afgeneem. Die opbrengskoersgaping tussen langtermynstaatseffekte en aandele het van 5,95 persent in Desember tot 6,14 persent in April vergroot.

Opbrengskoerse in sekondêre mark



Effektebeurs




Kleiner toename in die besit aan langertermynfondse by finansiële instellings

Die seisoensaangesuiwerde toename in die besit aan langertermynfondse by deponisionerende en ander spaarinstellings het gedurende die eerste kwartaal van 1981 R752 miljoen bedra, of effens minder as die ooreenstemmende toename van R962 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal en die kwartaalgemiddelde van R1 099 miljoen gedurende 1980. Die verskillende groepe instellings was egter nie ewe

suksevol in die verkryging van nuwe langertermynfondse nie. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, was die toename in die spaar- en langtermyndeposito's by bankinstellings en die styging in aandele en deposito's by bouverenigings gedurende die eerste kwartaal van 1981 opmerklik kleiner as in die voorafgaande kwartaal en ook aansienlik kleiner as die kwartaalgemiddelde vir 1980. Daarenteen het die inname van nuwe langertermynfondse deur deelnemingsverbandskemas en staatspaarinstellings gedurende die eerste kwartaal van 1981 die syfer vir die voorafgaande kwartaal en die kwartaalgemiddelde vir 1980 oortref. Die kleiner inname van nuwe fondse deur die bankinstellings en bouverenigings was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die hoë vlak van private verbruiksbesteding en die nadelige invloed daarvan op depositobesparing, asook die uitwerking

Verandering in langertermynfondse belê by finansiële instellings



Verandering in besit aan langertermynfondse by finansiële instellings belê

Seisoensaangesuiwerd
R miljoene

	1980		1981
	4de kw.	Kwartaal-gemiddelde	1ste kw.
Bankinstellings	377	428	135
Bouverenigings	480	550	404
Deelnemingsverbandskemas	29	16	34
Staatspaarinstellings	76	105	179
Totaal	962	1 099	752

van die onttrekking van fondse wat tydelik deur korporatiewe en institusionele beleggers by hierdie instellings belê is. Hierdie fondse is elders teen hoër opbrengste herbelê of vir die finansiering van vaste en voorraadinvestering aangewend.

As gevolg van 'n volgehoue sterk vraag na behuisingfinansiering en bankkrediet het depositonemende instellings reeds gedurende 1980 aktief begin meeding om fondse. Dit het aanleiding gegee tot verskeie aanpassings in deposito- en verwante rentekoerse. Die bygaande tabel gee 'n aanduiding van die omvang van hierdie veranderings.

Uitgesoekte rentekoerse¹

%

	30 Jun. 1980	31 Des. 1980	31 Mei 1981
Gewone spaardeposito's	3,50	3,50	4,00
Spesiale spaardeposito's	5,50 ²	5,50 ²	8,00 ³
Vaste deposito's:			
12 maande	7,50	8,50	10,50 ⁴
24 maande	8,00	9,50	1,00
36 maande	9,00	9,50	2,00
60 maande	9,00	9,50	2,00
Bouverenigings se opbetaalde onbepaalde termynaandele	8,00	8,00	10,00
Bouverenigings se belastingvrye aandele	7,00	7,00	8,25
Posspaarbanksertifikate	7,00	7,00	8,00
Nasionale spaarsertifikate ⁵	7,50	7,50	9,10
Belastingvrye Tesourie-obligasies	7,00	7,00	8,00

1. Oorheersende koerse.

2. Deposito's kleiner as R20 000.

3. Op deposito's van tot R15 000, met ingang vroeg in Junie.

4. Met ingang vroeg in Junie.

5. Gemiddelde koers oor hele beleggingstermynt

Volgehoue hoë vlak van bedrywigheid in vaste eiendoms- en verbandmarkte

Die omset in die vaste eiendomsmark het gedurende die eerste kwartaal van 1981 gebly op die hoë vlak wat dit in die vierde kwartaal van 1980 bereik het. Die seisoensaangesuiwerde waarde van transaksies in vaste eiendom het gedurende die eerste kwartaal ongeveer R1 510 miljoen bedra vergeleke met die R1 537 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal.

Die seisoensaangesuiwerde waarde van verbandlenings wat in die eerste kwartaal deur die bouverenigings uitbetaal is, het R1 304 miljoen, of 86 persent van die totale waarde van vaste eiendomstransaksies, bedra, vergeleke met die R1 364 miljoen in die voorafgaande kwartaal en die kwartaalgemiddelde van R1 048 miljoen vir 1980.

Ten einde 'n hoë vlak van verbandleninguitbetalings te kon handhaaf ten tye van 'n kleiner inname van nuwe fondse, moes die bouverenigings 'n gedeelte van hul besit aan voorgeskrewe beleggings likwiedeer. Hierdie beleggings, wat 'n hoogtepunt van R2 155 miljoen aan die einde van Augustus 1980 bereik het, is tot R1 903 miljoen aan die einde van 1980 verminder en het gedurende die eerste kwartaal van 1981 met 'n verdere R305 miljoen afgeneem. As gevolg van die daling in hulle inname van nuwe fondse en die hoë vlak van uitstaande verpligtinge ten opsigte van nuwe verbandlenings toegestaan maar nog nie uitbetaal nie, was die bouverenigings genoodsaak om hul nuwe verbandfinansiering te verminder. Gedurende die eerste kwartaal het nuwe verbandlenings toegestaan, ná seisoensaansuiwering, R484 miljoen bedra, vergeleke met R1 075 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal en 'n kwartaalgemiddelde van R1 150 miljoen vir 1980. Deur op hul finansiering van nuwe verbande te besnoei en die verbandleninguitbetalings op 'n hoë vlak te handhaaf, was die bouverenigings in staat om hul leningsverpligtinge gedurende die eerste kwartaal van 1981 met R530 miljoen te verminder, naamlik van R1 635 miljoen aan die einde van 1980 tot R1 105 miljoen aan die einde van Maart 1981.

Mark vir vaste eiendom



In ooreenstemming met die styging in hul deposi-
tokoerse, het die verenigings in Januarie en weer in
April verhogings van 0,75 persent en 1,5 persent
onderskeidelik in hul verbandkoerse aangekondig. Na
hierdie aanpassings wissel die koerse tans van 11,25
tot 13,25 persent. Alhoewel hierdie koerse aansienlik
hoër as in 1980 is, is hulle, soos die prima oortrek-
kingskoers van die handelsbanke, steeds heelwat laer
as die huidige inflasiekoers.

Verklaring oor die Bankkoers en monetêre beleid

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. Gerhard de Kock

5 Mei 1981

Ná die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie, het
die Reserwebank besluit om sy Bankkoers met ingang
van 6 Mei 1981 van 8 na 9½ persent te verhoog.

Hierdie verhoging beteken gedeeltelik dat ampte-
like erkenning gegee word aan die verdere opwaartse
druk wat in die onlangse verlede deur kragte in die
mark op korttermynrentekoerse, waaronder die
koerse op daggeld, skatkiswissels, bankaksepte en
handelswissels, uitgeoefen is. Terselfdertyd verteen-
woordig dit 'n noodsaaklike onderdeel van die huidige
anti-inflasionistiese monetêre beleid, wat daarop
gemik is om die huidige buitensporige koers van
uitbreiding van die geldvoorraad te verlangsaam en die
druk van die oormatige vraag te verminder.